## Welkom by hierdie erediens 26 APRIL 2026

ng overkruin
aanbid… gee om… bring hoop…

# NG OVERKRUIN

**Kantoorure: 08:00-13:00 Tel: 012 567 2177**

### PROGRAM VIR DIE DAG

09:00 **Erediens**. Ds. W. Rothmann.
Teks: Johannes 21:1–19.
Tema: Jesus herstel jou… en stuur jou weer.

18:00 **Geen erediens**.




### MEEGEVOEL

**Margariet** en **Gustav Goldschagg**, 082 574 2319. Margariet se seun en Benja, Monica en Hendri se broer, **Sarel**, is oorlede.

**Mari de Beer** is oorlede. Roudiens is Dinsdag 28 April om 10:00 by NG Overkruin.

### SENIORBEDIENING

Baie geluk aan **Willie de Beer**, 072 357 1207, wat Dinsdag 87 word. 'n Geseënde jaar word

### U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE ONGESTELDES

Skakel asseblief die kerkkantoor om alle siekes aan te meld, 012 567 2177.

**Piet Erasmus**. 071 551 2130. Vra vir voorbidding.

**Ben Dekker**. 082 995 7777. Vra vir voorbidding.

**Kitty Liebenberg**. 072 826 1634. Vra vir voorbidding.

**Ina Swart**. 084 240 4082. In Medstep.

**Annette Droste**. 079 490 5639. Vra vir voorbidding.

**Annetjie van der Walt**. 082 503 0924. Vra vir voorbidding.

**Elsa Swanepoel**. 072 607 7350. Herstel tuis.

### GEDAGTE VIR DIE WEEK

Hoe meer tyd jy afstaan aan persoonlike godsdiensoefening, hoe makliker word dit om biddend te leef. In jou persoonlike godsdiensoefening hoor jy wat God vir jou sê terwyl jy die Bybel lees, en jy oefen om met Hom te praat wanneer jy reageer op dit wat Hy deur die Bybel vir jou sê. Hoe meer tyd jy hiervoor maak, hoe meer ontdek jy dat jy sommer so tussen jou verskillende dagtake deur die hele tyd met God in kontak is, dat jy kort-kort bewustelik met Hom kommunikeer. Só word jou hele lewe 'n voortdurende gebed.

*Die Bybellennium*

### DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer of enige ander bydrae op van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Direkte inbetaling
- Debiet- & kredietkaartfasiliteit

**Bankbesonderhede**:
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005.
Verw: bv. Dankoffer / kollekte.

Snap here to pay
getsnapscan.com

## PROGRAM VIR WEEK

### WOENSDAG 29 APRIL 2026

09:00 **Bybelstudie**. Ds. W. Rothmann. Konsistorie.

18:30 **Gem Koor**.

### DONDERDAG 30 APRIL 2026

09:00 **Bybelstudie**. Ds. H. Stapelberg. Kerk.

09:00 **Geen Bybelstudie**. Ds. P. Conradie. Eers weer 21 Mei.

### SATERDAG 2 MEI 2026

05:30 **Geen Carpe Diem-mannegroep**.

### SONDAG 3 MEI 2026

09:00 **Erediens**. Ds. H. Stapelberg.

18:00 **Geen Erediens**.

## ANDER SAKE VAN BELANG

**Bestuursraad**. Maandag 4 Mei om 18:30. Konsistorie.

**Winterklere**. Dinsdag 5 Mei en Woensdag 6 Mei.

**Hemelvaartdiens**. Donderdag 14 Mei om 09:30 en 18:30.

**Pinksterreeks**. Sondag 17 Mei om 09:00 en 18:00.

**Pinksterreeks**. 18-20 Mei om 10:00 en 19:00 by NG Montana.

**Pinksterfees**. Nagmaal Sondag 24 Mei om 09:00 en 18:00.

**Gemeenteraad**. Maandag 25 Mei om 18:30.

**Padkafee**. Vrydag 29 Mei om 17:00.

**Voorbidding**. Carien Liebenberg, 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is slegs tydens die oggenddiens aan diens.



## AKSIE UITREIK: MAAND VAN OORVLOED: MEIMAAND 2026

Meimaand is tradisioneel in ons Gemeente die maand van oorvloed. Dit is waar lidmate uit die oorvloed wat hulle ontvang, nie-bederfbare voedsel kan skenk tot die verligting van voedselnood by minderbevoorregtes en instansies waarby ons gemeente betrokke is.




In die verlede het u as gemeente ruim bygedra tot hierdie inisiatief en indien u geroepe voel om weer by te dra, kan u gerus elke Sondag gedurende Meimaand blikkieskos, toiletware, pasta, rys of ander nie-bederf-bare items Sondae kerk toe bring en in die mandjies by die ingange na die kerk plaas. U is ook welkom om skenkings deur die week in kamer 1 te plaas. Ons dank u vir u volgehoue ondersteuning by ons uitreik-projekte.

Vir enige navrae, kontak Nettie of Dennis Wagner, 083 462 2329/083 276 7550.

## Aksie Kommunikasie

Ons is asseblief opsoek na bereidwilligers met bemarkingskennis en -agtergond wat by Aksie: Kommunikasie kan/wil inskakel om ons te help om ons Gemeente en geleenthede/gebeurtenisse te bemark. Kontak die kerkkantoor, 012 572 2177 of Fienie van Heerden, 082 451 4413.

## OVERKRUINER

Ons Overkruiner verskyn weer binnekort. Enige artikels en foto's moet voor 2 Mei aan Buks Jordaan of Lara in die kerkkantoor gestuur word.

**Publikasiedatums:**
**Overkruiner**:
Eerste Uitgawe: 8 Mei 2026
Tweede Uitgawe: 6 Desember 2026
**Blitskruiner**:
Tweede Uitgawe: 26 Julie 2026
Derde Uitgawe: 20 September 2026




# Tweede Kans-boetiek



**Onthou ons Winterklere-projek**. Dinsdag 5 Mei en Woensdag 6 Mei. Lidmate is welkom om hulle werkers te bring om vir hulle 5 kledingstukkie te kies.

**Skakel of WhatsApp asseblief vir Evelyn Engelbrecht 073 131 8163 vir 'n afspraak gedurende die week.**

**NOU OOP OP VRYDAE VANAF 14:00-17:00.**

# Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** mag namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. E-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is. **admin@ngoverkruin.org.za**
5. **Berekening van kostes (per advertensie per plasing)**.
**Minder as tien woorde** = R20. **Elf - twintig woorde** = R25. **Twintig - dertig woorde** = R30. **Bankbesonderhede**: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël

**Beddens en matrasse**. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

**Kunsgalery Jacobs en Uys**, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 072 203 3818.

**Algemene meubelvervoer** en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

***Marie's Pet Haven***. Professionele en betroubare diens. Ek kyk na jou troeteldiere, huis en plante. Langtermynopsies ook moontlik. Pretoria en Kemptonparkomgewing. Marie, 082 772 5704.

**JD Fridges**. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

**Maryna se Kontreikombuis**. Daagliks, varsgekookte BOERE-KOS. Wegneem Sondagmiddagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Madeleen, 082 451 7842. kombuis.kontrei@gmail.com

**Namibiese houtskool** 5 kg-sakke vanaf R48,00. 012 543 1001 / 083 227 0025.

**Te huur**. Eenmanwoonstel. Ruim slaap- en eetkamer. Naby 2 skole. Stil omgewing. Geen diere. Onderdakparkering. P. Conradie, 084 377 2122 .

**Matriekafskeidrok:** Lang rooi en silwer aandrok. Moderne snit. Eenmaal gebruik. Nr. 30. Wilna, 082 576 0707.

**Benodig** betroubare huiswerker vir Maandae en Donderdae. 012 567 4234 / 072 862 9247.

**Advertensiespasie**

Ons volgende Overkruiner verskyn weer op 8 Mei. Volkleuradvertensies bied 'n uitstekende geleentheid vir jou om jou produkte en/of dienste op 'n aantreklike en professionele manier te bemark.

Ons het halfblad- of kleiner advertensie-spasies beskikbaar teen billike pryse. Indien jy belangstel om van hierdie advertensiespasie gebruik te maak, kontak gerus die kerkkantoor by 012 567 2177

# Dames Retreat

## 28-30 Augustus 2026



Waar: The Good Shepherd Retreat
Kostes: R2 000,00 per persoon (alle kostes ingesluit)
Deposito: R300,00 (betaalbaar met bespreking)
Tema: *"Kom, ek sal jou rus gee."*
Slegs 11 plekke is beskikbaar.
Navrae kan gerig word aan Orna vd Merwe, 082 979 2914 of Louise vd Heever, 084 351 6729.

**Sien bankbesonderhede op bladsy 1 van die Aankondigings vir inbetalings.**
**Verw:** "Dames Retreat" en naam.